KONINKRYK. SUPPLEMENT 14

[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]
DIE TROUE EN ONTROUE SLAAF

"Die gelykenis van die troue en die ontroue slaaf" in Matteus 24:45-51 en Lukas 12:42-48 is 'n gelykenis oor
DIENSLEWERING IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

Lees Matteus 24:45-51 en Lukas 12:42-48.

---

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en histories feite van die agtergrond van die verhaal.
Bespreek. Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?
Aantekeninge.

'n Beheerder van personeel. Die eienaar het 'n betroubare slaaf as beheerder van alle huisslawe ('n rentmeester) aangestel en toe op 'n lang reis gegaan. Hy het hom opdrag gegee om goed te sorg vir alle ander slawe. Hy moes vir hulle welsyn sorg, maar ook dat hulle hul take goed sou uitvoer. As daar geen opsiener is nie, dan neig slawe om minder sorgvuldig en trou hul take uit te voer

Die terugkeer van die eienaar. Sy terugkeer was baie onverwags! Sowel die dag as die uur van sy terugkoms was heeltemal onbekend! Die slaaf wat as beheerder of rentmeester opgetree het, word hier as betroubaar of onbetroubaar voorgestel. Die terugkeer van die eienaar sal baie anders verloop vir 'n betroubare beheerder as vir 'n onbetroubare beheerder.

Lof aan die troue beheerder. As 'n beheerder sy gegewe verantwoordelikhede sorgvuldig en trou uitvoer, sal die eienaar hom by sy terugkeer oor al sy besittings aanstel. Hy het die wil van sy baas tot sy terugkeer trou uitgevoer en word daarom beloon.

Straf aan die ontroue beheerder. Maar as 'n beheerder sy gegewe verantwoordelikhede verontagsaam, sal die eienaar hom by sy terugkeer veroordeel. Hy het bewus besluit om onverantwoordelik op te tree en maar te doen wat hy lus het. Hy het gedink dat sy baas nog lank sou wegbly en dat hy daarom van die lewe kon geniet en plesier kon maak. Dit was nie onskuldige ontspanning nie, maar sadisme! Hy het baas gespeel oor die slawe en het hulle voor hom laat kruip. Hy het sy tyd verspeel met feeste, eet en drink en dronk word.

By sy terugkeer sal die eienaar hom laat doodmaak (letterlik: in stukke kap) (Grieks: dichotomeó)(Lukas 12:46), waarskynlik 'n herinnering aan hoe sommige eienare hulle slawe behandel het. Hy het hom die lot van ontrou mense laat deel in 'n plek waar daar ontroosbare gejammer en ondraaglike tandegeknars is. Omdat hy die vertroue van sy baas geskend het, sal hy in die hel gegooi word (sien Openbaring 21:8; Matteus 25:46).

---

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die "verhaal" van die gelykenis kan bestaan uit "die agtergrond" en "die uitleg of toepassing" van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.
Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 12:35-41.

Jesus het die gelykenis van die getroue en verstandige bestuurder vertel. Petrus het toe gevra of Hy hierdie gelykenis tot sy volgelinge (Christene) of tot alle mense vertel het. Petrus was nuuskierig. Maar Jesus het hom geen direkte antwoord gegee nie. Dit het ook in Lukas 13:23-24 gebeur. Wat Jesus bedoel te sê was, "Hou op om vrae uit nuuskierigheid te stel: "Wat as dit of dat gebeur .....?" Wat mense moet doen, is troue en wyse slawe wees wat hulle besighou met hul gegewe verantwoordelikhede!" Om dit te illustreer, vertel Jesus aan hulle die gelykenis van die troue of ontroue slaaf in sy verantwoordelikheid as beheerder van ander slawe.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 12:42-46.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 12:47-48.

Daar staan: "Die slaaf wat geweet het wat sy eienaar wil hê maar wat nie gereed gemaak of volgens die wil van sy eienaar gehandel het nie, sal 'n swaar straf kry. Maar hy wat nie geweet het nie en dinge gedoen het wat straf verdien, sal 'n ligte straf kry. Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word." By sy terugkeer sal die eienaar sy slawe en die beheerders met hul gegewe verantwoordelikhede

volkome regverdig oordeel. Hy sal sy troue slawe beloon (Lukas 19:17,19), maar Hy sal die ontroue slaaf straf (Lukas 12:47-48). Sommige slawe sal ligte straf kry, omdat alhoewel hulle die wil van die eienaar nie geken het nie, tog dinge gedoen het wat verkeerd was en dus straf verdien. Ander slawe sal swaar gestraf word, omdat hulle nie alleen die wil van die eienaar geken het nie, maar ook hul eienaar verwerp en teëgewerk het. Hulle verdien hul straf.

---

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Onderrig. Jesus het geen detail enige betekenis gegee nie.

---

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. *'n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.
Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

Die gelykenis van die troue en ontroue slaaf in Matteus 24:45-51 en Lukas 12:42-46 is 'n gelykenis oor "dienslewering in die koninkryk van God".

Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: "Christene moet nie doelbewus en op onverantwoordelike wyse doen wat hulle maar lus het nie. Hulle moet doelgerig en met verantwoordelikheid hul deur God gegewe verantwoordelikhede uitvoer of troue en verstandige beheerders wees van mense, aktiwiteite, tyd, geleenthede ens. wat God aan hulle toevertrou het." God sal elke Christendienaar vra om verantwoording te doen vir hul deur God gegewe verantwoordelikhede.

Om te dien is één van die fundamentele kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers van God se koninkryk dien God deur hul deur God gegewe opdragte (take) sorgvuldig en trou uit te voer.

---

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.
Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
Aantekeninge.

(1) Die slaaf en sy opdrag (taak).

Elke slaaf kry 'n taak toegewys. Markus 13:34 sê: "Dit is soos 'n man wat ver weggegaan en sy huis onder beheer van sy slawe gelaat het. Hy het vir elkeen sy werk gegee en die deurwagter beveel om waaksaam te bly."

Elke dienaar word verwag trou te wees. 1 Korintiërs 4:1-2 sê: "So moet julle ons dan sien: ons is dienaars aan wie die geheimenisse van God toevertrou is. Van 'n bestuurder word veral vereis dat hy betroubaar moet wees."

Geen slaaf weet wanneer sy eienaar terugkeer om sy werk te beoordeel nie. Markus 13:31-35 sê, "Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit. Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, selfs nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun (in sy menslike natuur) nie. Net die Vader weet dit. Wees op julle hoede; wees waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie. ... Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die huiseienaar kom nie, in die aand of middernag of met hanekraai of die môre vroeg nie, sodat wanneer hy onverwags kom, hy julle nie aan die slaap kry nie."

(2) Die slaaf en sy verantwoordelikheid.

Die verantwoordelikheid van die slaaf verander in ooreenstemming met wat sy eienaar aan hom toevertrou het. Dit het te make met hoeveel kennis hy het en met wat hy met sy geleenthede (kanse) gedoen het.

Lees Leviticus 26:1-46. Gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid.
God sal gehoorsaamheid beloon, maar ongehoorsaamheid straf.

Lees Numeri 15:22-31; Psalm 19:12-13. Onopsetlike of moedswillige ongehoorsaamheid. Onopsetlike ongehoorsaamheid moet versoen word, maar moedswillige ongehoorsaamheid sal gestraf word. Christene moet bid dat God hulle van moedswillige en beplande oortredings weerhou. Hulle moet bid teen hul verborge oortredinge en foute.

Lees Lukas 12:47-48; 23:34; Handelinge 3:17; 1 Timoteüs 1:13. Onkunde of kennis en ongehoorsaamheid.

Die ongehoorsaamheid van die slaaf sal gestraf word in ooreenstemming met hoeveel hy van God se wil af geweet het. Samevatting: “Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word” (Lukas 12:48b).

Lees Amos 3:2; Matteus 10:15; 11:20-24. Goddelike uitverkiesing mag nie van menslike verantwoordelikheid geskei word nie. Ook Israel wat God uit alle ander volke uitverkies het om sy spesiale volk te wees, sal gestraf word vir hulle sondes. Die stede wat die teenwoordigheid, prediking en wonders van Jesus Christus meegemaak het, maar hulle tog nie bekeer het nie, sal harder gestraf word dan die goddelose stede soos Sodom en Gomorra wat soortgelyke voorregte nooit meegemaak het nie.

(3) Die slaaf en sy ongehoorsaamheid.

Waarom moet die slaaf wat die wil van sy eienaar nie geken het nie, tog nog gestraf word?

Lees Romeine 1:18-21; 2:14-16. Onkunde is nooit absoluut nie! Niemand kan aanspraak daarop maak dat hy geen kennis van God of God se wil gehad het nie. God het aan die een kant sy bestaan, werklikheid en krag in die skepping aan al sy skepsels geopenbaar. Aan die ander kant het Hy ook sy morele wil (wat goed en wat sleg is) aan al sy skepsels geopenbaar deur sy morele wette in hul harte te skrywe en aan hulle ’n gewete te gee. God sal mense heeltemal regverdig oordeel in ooreenstemming met wat hulle weet en hoe hulle geleef het.

Lees Johannes 3:16-18,36; Romeine 8:1; 1 Korintiërs 3:14; Prediker 12:14; Jakobus 2:14-17; Numeri 16:1-35; 3 Johannes 9. Die kriterium (maatstaf) vir verlossing is geloof. God sal alle mense oordeel volgens hul geloof of ongeloof in Jesus Christus. Christene word geregverdig, nie deur die wet te hou nie, ook nie deur hul godsdienstige werke of goeie werke nie, maar alleen deur hul geloof in die openbaring en volbragte verlossingswerk van Jesus Christus. Maar die kriterium (maatstaf) vir die eindoordeel is werke. Om te lewe in geloof word duidelik getoon in hoe regverdig en heilig mense lewe. Die maatstaf vir hoeveel beloning of straf hulle ontvang is hul werke.

So wys ander mense hoe onregverdig en onheilig hulle lewe. Daar was altyd al onregverdige beheerders onder God se volk, soos die Leviet Datan en sy kollegas in die Ou Testament en die kerkleier Diotrefes in die Nuwe Testament wat danig daarop gestel was dat hy hulle voorganger was, maar tog die apostel Johannes verwerp en God se medearbeiders teëgewerk het. Hulle sal God se oordeel nie ontloop nie!

(4) Die slaaf en die wederkoms van Christus.

Hoe behoort Christendienaars die wederkoms van hulle Here te beskou?

Lees 1 Tessalonisense 5:1-3. Die wederkoms van Jesus Christus sal vir almal plotseling en volkome onverwags wees! Geen mens sal hierdie gewigtige gebeurtenis kan vermy nie!

Lees 2 Tessalonisense 2:1-2; 3:6-12. Christene behoort nie senuweeagtig (gespanne) op die wederkoms van Christus te wag nie soos die mense in Tessalonika.

Lees Openbaring 3:14-22. Christene behoort nie lou op die wederkoms van Christus te wag nie soos die mense in Laodicea.

Lees Openbaring 2:8-11. Christene behoort op die wederkoms van Jesus te wag soos die mense van Smyrna wat trou en aktief gebly het. Die enige regte manier om op die wederkoms van Jesus Christus te wag is deur Hom trou te bly dien!

---

6. Maak ’n samevatting oor dienslewering in die Bybel.

Sien supplement 17.